Graad 11

Die Cape Town Holocaust & Genocide Centre is opgewonde om die 8 eenhede van die Graad 11 KABV (CAPS) aan te bied soos volg:

Idees van Ras in die laat 19de en 20ste eeu *– Wat was die gevolge toe die pseudo-wetenskaplike idees van Ras 'n integrale deel van regeringsbeleid en wetgewing gevorm het in die 19de en 20ste eeu?*

Gevalle studie: ***Australië*** *en die Australiese Inboorlinge;* ***Nazi-Duitsland*** *en die* ***Holocaust****.*

Eenheid 5

Gevalle studie: Nazi-Duitsland Deel 1

In hierdie eenheid sal jy oor die volgende leer:

- Samevatting van Graad 9 KABV inhoud oor 'Opkoms van Nazimse'
- Die Nazi Party se rasse-ideologie
- Nazi-Duitsland se gebruik van positiewe en negatiewe Eugenetika

OORSIG VAN GRAAD 9 GESKIEDENIS

WWI 1914-1918
DUITSLAND VERLOOR WWI
VERDRAG VAN VERSAILLES 1919

- VERLIES VAN GRONDGEBIED
- RYNLAND BESET DEUR DIE FRANSE
- SKEIDING VAN DUITSLAND EN OOSTENRYK
- DUITSDLAND NEEM BLAAM VIR OORLOG
- DUITSLAND MOET SKADEVERGOEDING BETAAL

Laat ons kortliks die opkoms van Nazisme, wat jy alreeds in Graad 9 gedek het, saamvat. Duitsland het WWI verloor (1914–1918). In 1919 moes Duitsland die Verdrag van Versailles onderteken. Die bepalings van die verdragsvoorwaardes was streng. Duitsland moes sy leer drasties verminder. Die land het sy kolonies in Afrika en grondgebied in Europa verloor. Deel van die Rynland is deur Frankryk beset.

Baie van hierdie besettingsleer se soldate was van Franse kolonies in Afrika, bv. Senegal. Duitsland moes ook volle blaam en verantwoordelikheid aanvaar vir die oorlog en skadevergoeding aan ander lande betaal. As gevolg hiervan was die land se ekonomie in die vroeë 1920's verpletter.

Tussen 1919 en 1933 was Duitsland 'n DEMOKRASIE met 'n konstitusie soortgelyk soos die een wat Suid-Afrika tans het

Die ekonomie het stadigaan teruggekeer na lewe na die oorlog omdat die VSA lenings toegestaan het

Na WWI was Duitsland 'n demokrasie en bekend as die Weimar Republiek, en dit het 'n baie progressiewe, liberale grondwet gehad. Elkeen was gelyk volgens wet en dit het die mense se vryheid en regte beskerm.

Weimar Duitsland se ekonomie is herstel deur lenings ontvang van die Amerikaanse regering. Die ekonomie het gegroei, mense het werk gehad, hulle kon kos aan hulle families verskaf, en dinge het verbeter. Demokrasie was vooruitstrewend en het gefloreer. Toe gebeur daar iets anders …..

- **In 1929 stort die Amerikaanse aandelebeurs ineen, en dit lei tot 'n wêreldwye depressie.**
- **Die Duitse ekonomie is verpletter.**
- **Adolf Hitler word die leier van die Nasionale Sosialistiese Werkersparty (Nazi's).**
- **Die Nazis het probeer om die regering oor te neem in 1923, maar was onsuksesvol.**
- **Hulle besluit om die demokratiese proses te gebruik om in beheer te kom.**
- **Met die ineenstorting van die ekonomie was daar 'n geleentheid om in beheer van die land te kom, demokrasie te ontbind en 'n totalitêre bewind in te stel met Hitler as diktator en in absolute beheer van die land, inwoners en strukture.**

In 1929 het die Amerikaanse aandelemark in duie gestort. Die daaropvolgde depressie het wêreldwyd versprei. Duitsland, wat afhanklik was van Amerikaanse lenings, was veral erg geaffekteer.

1929 was net 10 jaar na die Verdrag van Versailles. Die Duitse ekonomie het net begin herstel toe alles omver gewerp is. Dit het skielik oornag sin gemaak om te luister na die oplossings en beloftes van die radikale elemente.

Op hierdie stadium het Adolf Hitler die leier van die Nazi–party geword. Hy het in September 1919 by die party aangesluit. In 1923 het die Nazi's 'n onsuksesvolle poging aangewend om die regering oor te neem – dit staan bekend as die Munich Blitsopstand.

Hoekom het hierdie opstand misluk? Die Duitsers was nie geinteresseerd in die ideologie van die radikale politici nie. Na die mislukte poging besluit Hitler om die demokratiese regering se wette te gebruik om in beheer te kom, en dit dan te ontbind.

In 1929 was die land se inwoners gereed vir die oplossings van die radikale element. Hitler en die Nazi's belowe dat hulle die land en die samelewing se probleme sal oplos. Van 1928 tot 1930 styg die Nazi's se ondersteuning van 2,5 % tot 18%.

RAS:
DIE MAG VAN ILLUSIE

Liggaamlike verskille vorm nie 'n 'ras' nie
Ras is nie 'n biologiese werklikheid nie

Ras beteken niks tensy daar betekenis gegee word

- Sosiale konteks
- Beoefening van publieke beleid
- Uitvoering van private aksies / optrede
- Toepassing van wette en praktyke

Tussen 1933 en 1945 was Duitsland 'n rassistiese staat.

In Eenheid 1 is die konsep van ras gedek. Die feit dat ras nie biologies of wetenskaplik bestaan nie, is bespreek. Alle menslike DNA is 99,9% dieselfde. Ras is nie 'n werklikheid nie, maar rassisme bestaan wel. Hoekom? Mense maak dit 'n werklikheid, deur dit in 'n sosiale en politieke konteks betekenis te gee.

In rassistiese lande onderskryf die konsep van ras meeste van die staat se wetgewing – in die proses is dit 'n werklikheid vir die land se inwoners!

“Terwyl rassistiese ideologieë in ander lande bestaan het, in Duitsland het dit die grootste omloop en aanvaarding geniet en was dit mees voortreflik op die politieke voorgrond. Die Derde Ryk was die eerste land in wêreldgeskiedenis waar die dogma-ideologie beoefen en rassisties was.’’

(Michael Burleigh en Wolfgang Wipperman: Die Rassistiese Staat)

Kyk na die aanhaling links. Gebaseer op jou eie kennis en die voorafgaande vier eenhede, weet jy dat daar rassebeleid in ander lande was (insluitende Australië, die V.S.A. en Suid-Afrika voor die apartheidsbewind).

Rassistiese ideologieë het bestaan in baie lande, maar in Nazi-Duitsland het dit die wydste omloop sowel as die grootste politieke voorgrond geniet; almal het dit aanvaar.

Die Nazi Derde Ryk was die eerste land in wêreldgeskiedenis waar die staat se leerstelling op rassisme gebaseer was.

In 1948 het Suid-Afrika hulle voorbeeld gevolg en apartheid gewettig.

- **EUGENETIKA WAS DIE GELOOF IN DIE MOONTLIK-HEID OM DIE MENSLIKE BEVOLKING TE VERBETER.**
- **DIE NAZI’S HET NIE DIE WOORD “EUGENETIKA” GEBRUIK NIE.**
- **DIE NAZI’S PRAAT VAN “RAS HIGIĒNE”.**
- **HULLE WAS NIE BESORGD OOR DIE VERBETERING VAN DIE MENSLIKE BEVOLKING NIE.**
- **HULLE HET NET OMGEGEE OM DUITSE BLOED SUIWER TE HOU.**

Onthou jy die bespreking in Eenheid 3 oor hoe sekere voorneme van die volgelinge van Eugenetika problematies was?

Hulle het egter geglo dat al hulle objektiewe edele bedoelings was. Hulle wou die menslike bevolking verbeter en sodoende ‘n oplossing bied vir die sosio-ekonomiese probleme.

Die Nazi’s het nie hierdie term, Eugenetika, gebruik nie. Hulle het gepraat van Rassehigiëne. Ons weet wat higiëne beteken dat ons skoon moet wees, sodat geen kieme of infeksie kan intree nie.

Die Nazi’s was nie besorgd oor die wêreldwye menslike bevolking nie. Hulle het op die suiwerheid van Duitse bloed gefokus.

Onthou hier dat daar nie iets soos “Duitse bloed” of “Suid-Afrikaanse bloed’’ bestaan nie.

Bloed is dood-eenvoudig bloed. Die Nazi’s het egter geglo in die bestaan van ‘’suiwer Duitse bloed‘’, wat hulle Äriese” bloed genoem het.

Slegs diegene wat “skoon ras” of “suiwer” was is in Duitsland welkom.

IDEOLOGIE

NAZI WĒRELDBESKOUING
MEESTER EN MEERDERES



Volgens die Nazi's se ideologie was daar Meesters (die Ariërs) en ander wat minder-waardig was. Hierdie laasgenoemde groep is so geklassifiseer as gevolg van hulle bloed, wat hulle (volgens die Nazi's) nie kon verander of verbeter nie.

Jode is as 'n ''ras'' deur die Nazi's beskou, nie as volgelinge van 'n sekere geloof nie, en hulle bloed het glo bakterieë bevat.

Afstammelinge van die Roma en Sinti's (neerhalend genoem "Gypsies") se bloed was krimineel, mense van kleur (meestal kinders van soldate uit Frans-Afrika se weermag in die Rynland) se bloed was as onsuiwe bestempel.

Alle Duitse burgers wat liggaamlik en verstandelik gestremd was, se bloed was as ''siektedraend'' beskou. Al hierdie groepe sou deur die Nazi's vervolg word.

NEGATIEWE 'EUGENETIKA':

"Ons beginpunt is nie die individu nie, en ons onderskryf ook nie die beleid om kos te verskaf vir die wat honger ly nie, vloeistof te verskaf aan die wat dors is nie, of kleding te voorsien aan die naaktes nie...ons doelwitte is heeltemal verskillend.

Ons moet 'n gesonde volk he om die wêreld te kan seëvier"

(Joseph Goebbels, Minister van Propagands, 1938)

In Eenheid 3 word positiewe en negatiewe eugenetika bespreek.

Laat ons negatiewe eugenika bespreek. Hier is 'n aanhaling van Joseph Goebbels, die Nazi Minister van Propaganda en Voorligting.

Wat is propaganda?

Dit is hoofsaaklik breinspoeling.

Die Nazi's het 'n Minister van Breinspoeling gehad. Goebbels sê dat die Nazi's nie omgee vir die individu nie, maar slegs die welstand van die bevolking in ag sal neem.

As 'n staat was hulle nie daarin geinteresseerd om na individuele inwoners se welsyn om te sien nie. Indien jy nie vir jouself kon sorg nie, was daar nie plek vir jou in Duitsland nie.

Daar was geen deernis nie.

POSIEWE 'EUGENETIKA':

"DIE STRYD OM GEBOORTES"

Kom ons kyk hoe die Nazi's positiewe Rassenhygeine "Rashigiëne" toegepas het.

Eerstens, het hulle baie propaganda plakkate van die ideale Duitse "Ariër" familie vrygestel. Daar was baie mense wat in Duitsland vanaf die 7de eeu al gebly het, selfs langer, maar omdat hulle die Joodse geloof beoefen het of selfs Roma en Sinti was, is hulle bloed as "onsuiwer" beskou en nie as egte Duitsers nie.

Links op die plakkate word die '' ideale "Ariër-familie'' uitgebeeld. Daar is 'n gespierde, sterk man – met blonde hare en blou oë. Die arend, simboliese beeld van oorlog, is in die agtergrond. Die "Ariër" man is altyd gereed om as soldaat die wêreld te verower. Die vrou word altyd met blonde hare en blou oê voorgestel en omring met 'n blonde nageslag. Die ouer seun in die plakkaat dra die uniform van die Hitler-jeug.

In die derde plakkaat leer ons hoe die volgelinge van Eugenetika glo in die verbetering en bevordering van publieke gesondheid. Die Nazi's het ook hierin geglo. Hierdie plakkaat lig swanger vrouens in oor hoe nadelig nikotien en alkohol vir hul gesondheid is. In die 1930's was dit baie gevorderde advies. Hierdie advies was egter slegs tot 'n sekere afdeling van die bevolking gerig, die sogenaamde ''suiwer'' Duitsers. Indien jy Joods, Roma of ''swart '' was, het die Nazi's nie omgegee wat jy gedurende jou swangerskap geëet het nie. Hulle het verkies dat vroue van hierdie groepe glad nie kinders moes hê nie.

Hierdie programme was bestempel as Die Stryd vir Geboortes. Dit was 'n veldtog teen diegene met ''onsuiwer'' bloed. Die inwoners met ''suiwer '' bloed moes baie kinders voortbring. Indien 'n vrou van ''suiwer ras'' afkoms baie kinders sou hê, was sy met militêre toekennings beloon vir haar bydrae tot die program. 'n Brons medalje was toegeken vir 4-5 kinders; 'n silwer medalje vir 6-7 kinders;'n goue medalje vir meer as 8 kinders . Wanneer 'n moeder 10 kinders sou hê, sou Adolf Hitler die peetpa van die tiende kind wees.

GEFORSEERDE STERILISASIE

- Van 1920's-1970's

(+/- 50 jaar)

60,000 Amerikaners was onvrywilliglik gesteriliseerd

- Tussen 1933-1939

(6 jaar)

meer as 400,000 Duitse burgers was gesteriliseerd teen hulle wil en sonder hulle toestemming deur die Nazi regering

In Eenheid 3 bespreek ons hoe sterilisasie-wette wêreldwyd deur die eugenetiese beginsels en denkwyse onderskryf is. Dit is dus nie verbasend dat die sterilasiewet die Nazi's se eerste wet was nie.

Vergelyk nou die statistieke: in Amerika (1920 – 1970) is 60 000 Amerikaners onvrywilliglik gesteriliseer. Enige gedwonge sterilisasie was verkeerd. In 6 jaar (1933 - 1939) het 400 000 Duitse burgers gedwonge sterilisasie tydens die Nazi-bewind ondergaan. Mense van kleur, gestremdes en diegene beskou as äsosiaal" was onvrywilliglik en sonder hul toestem-ming gesteriliseer.

In die volgende eenheid sal ons kyk hoe die negatiewe eugenetika programme uitgebrei het tot moord, en uiteindelik tot die grootste volksmoord in Europa.

VRAE

1. Met behulp van hierdie eenheid en jou eie kennis, skryf die opkoms van Nazisme tussen 1919 en 1933 in kronologiese volgorde neer.
2. Watter term het die Nazi's gebruik in plaas van Eugenetika?
3. Kies een van die meegaande plakkate en verskaf 'n kritiese ontleding van die visuele elemente. Hoe dra die plakkaat die Nazi ideologie oor?
4. Verskaf , met volle besonderhede, een van die beleide van positiewe eugenetika in Nazi-Duitsland.
5. Onthou, die woord ''Eugenetika", is van Griekse oorsprong: die betekenis is ''goed gebore'' of ' goeie skepping''. Vergelyk en kontrasteer die gebruik van hierdie term met die Nazi's se ''Rashigiëne".

ADDISIONELE HULPBRONNE

Cape Town Holocaust & Genocide Centre: http://ctholocaust.co.za/
Cape Town Holocaust & Genocide Centre YouTube: https://www.youtube.com/channel/UCwVBUs5VqvsumuwDdzYIAaQ
Roots of Nazi ideology: https://www.youtube.com/watch?v=dvCkw87FLZk
The Biological State: Nazi Racial Hygiene, 1933-1939: https://encyclopedia.ushmm.org/content/en/article/the-biological-state-nazi-racial-hygiene-1933-1939
Deadly Medicine: Creating the Master Race: https://www.ushmm.org/information/exhibitions/online-exhibitions/deadly-medicine-creating-the-master-race
Racial hygiene and Nazism: https://eugenicsarchive.ca/discover/tree/545134d251854fef65000001